# INFINITO®
## 687,5 SC

SEE ENCLOSED PAMPHLET FOR FULL PARTICULARS

SIEN INGESLOTE PAMFLET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE

Reg. No. L8470 (Act No. 36 of 1947)

Reg. Nr. L8470 (Wet Nr. 36 van 1947)

**A fungicide with contact and systemic action, formulated as a suspension concentrate, for the control of late blight in potatoes and tomatoes.**

**'n Swamdoder met kontak- en sistemiese werking, geformuleeer as 'n suspensie konsentraat, vir die beheer van laatroes in aartappels en tamaties.**

**FUNGICIDE GROUP CODES 43 & 28 SWAMDODERGROEPKODES**

**Active ingredients:**
Fluopicolide................................................62,5 g/ℓ
(pyridinylmethyl-benzamide)
Propamocarb-HCl (carbamate)...............625 g/ℓ

**Aktiewe bestanddele:**
Fluopicolide ...........................................62,5 g/ℓ
(pyridinylmethyl-benzamide)
Propamokarb-HCl (karbamaat).............625 g/ℓ

**REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:**
Bayer (Pty) Ltd / (Edms) Bpk
Reg. 1968/011192/07
P.O. Box/Posbus 143
Isando
1600 South Africa/Suid-Afrika
TEL: (OFFICE HOURS) / (KANTOORURE) (011) 921 5911
**IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING SKAKEL:** 0861 555 777

**Infinito**® is a registered trademark of the Bayer Group
**Infinito**® is 'n geregistreerde handelsmerk van die Bayer Groep
© Bayer (Pty) Ltd

BATCH NUMBER:
LOTNOMMER: See on pack

DATE OF MANUFACTURE:
DATUM VERVAARDIG: Sien op houer

Bayer

RSA/0118/Infinito 5L/
Back Booklet Code: 84978019C

BAYER

# INFINITO®
## 687,5 SC



## Fungicide

A fungicide with contact and systemic action, formulated as a suspension concentrate, for the control of late blight in potatoes and tomatoes.

**Packaging / Verpakking:**
**5 L**

**CAUTION**
**VERSIGTIG**

# Swamdoder

**INFINITO 687,5 SC**

**WAARSKUWINGS:**
**AARTAPPELS: LAAT 'N MINIMUM VAN 7 DAE VERLOOP TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES.**
**TAMATIES: LAAT 'N MINIMUM VAN 7 DAE VERLOOP TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES.**

Berg in 'n koel plek, weg van voedsel en voer.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Mag 'n allergiese vel reaksie veroorsaak.
Uiters giftig vir akwatiese lewe met 'n lang blywende effek.
Herbetreding – Moenie behandelde gebied binnegaan alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
Lugtoediening - stel alle persone in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie aangrensende gebiede of waterbronne bespuit of toelaat dat die sproeinewel daarheen oorwaai nie.

Alhoewel **Infinito 687,5 SC** as gewasveilig geag word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar nie in die toekoms gekommersialiseer kan word nie. Waar 'n nuwe kultivar teëgekom word, moet groot areas nie behandel word voordat u **Infinito 687,5 SC** op daardie kultivar getoets het nie.

**ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE GROND-, KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE SIEKTE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIEDING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDE- LIKHEID VIR SKADE AAN DIE GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.**

**VOORSORGMAATREËLS:**
- Dra beskermende handskoene, oorpak, brille, gesigskerm.
- Voorkom vel- en oogkontak. Was met seep en water na gebruik of velkontak.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.
- Verhoed besoedeling van voedsel, eetgerei, voer en drinkwater.
- Verhoed wegdrywing van die sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.
- Sodra die houer leeg is keer dit om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelyk aan minstens 'n tiende van die houer en gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Vernietig die houer deur gate daarin te maak en te begrawe of te verbrand. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.
- Maak alle spuitapparaat deeglik skoon na gebruik en moenie die omgewing met spoelwater besoedel nie.

**WEERSTANDSWAARSKUWING:**
Vir weerstandsbestuur is die aktiewe bestanddele van **Infinito 687,5 SC** as swamdoder Groepkode 28 (propamokarb-HCl) en Groepkode 43 (fluopicolide) geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlik weerstand teen propamokarb-HCl, of enige ander Groepkode 28 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstanbiedende swamme sal moontlik nie deur **Infinito 687,5 SC** of enige ander Groepkode 28 swamdoder, beheer word nie. Fluopicolide is aktief in al die sleutelstappe van die Oomycete organisme ontwikkeling en geen kruis weerstand is gevind teen ander swamdoders nie. Fluopicolide is in die **Infinito 687,5 SC** formulasie ingesluit ten einde die ontwikkeling van weerstand te bekamp.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:
- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders in dieselfde swamdodergroepkode. Wissel af met swamdoders van verskillende swamdoder groepkodes of gebruik tenk mengsels van verskillende swamdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak u naaste Bayer verteenwoordiger.

**LUGBESPUITING:**
- Stel alle inwoners van die onmiddellike gebied wat bespuit gaan word in kennis en rig die nodige waarskuwings. Moenie oor water en aangrensende gebiede spuit nie en sorg dat spuitstofwegdrywing nie dergelike gebiede besoedel nie. Verwys ook na die SANS Gebruikskode vir lugtoediening van landbouchemikalieë.
- Lugbespuiting van **Infinito 687,5 SC** mag slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitings-operateur met korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:
- **Volume:** Spuitmengsel volume van 30 tot 40 ℓ per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 25 tot 35 druppels per $cm^2$ moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 tot 300 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerkpuntvorteks** beweeg.
- Die verskil in **temperatuur** ttussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die **windspoed** 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of **hoë lugvog toestande** (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken areas.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Verkry versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

**GEBRUIKSAANWYSING:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

# Swamdoder

INFINITO® 687,5 SC

VERENIGBAARHEID:
**Infinito 687,5 SC** is verenigbaar met **Belt** (Reg. Nr. L8860), **Bulldock Beta 125 SC** (Reg. Nr. L7612), **Decis Forte** (Reg. Nr. L6563) en **Folicur 250 EW** (Reg. Nr. L3857), **Movento** (Reg. Nr. L8559) en **Nativo** (Reg. Nr. L8942) **vir gebruik in aartappels**.

**Infinito 687,5 SC** is verenigbaar met **Belt** (Reg. Nr. L8860), **Bulldock Beta 125 SC** (Reg. Nr. L7612), **Decis Forte** (Reg. Nr. L6563), **Folicur 250 EW** (Reg. Nr. L3857) en **Flint 500 SC** (Reg Nr. L7628) **vir gebruik in tamaties**.

**Infinito 687,5 SC** kan met die meeste algemene insekdoders vermeng word. 'n Vooraf toets om fisiese mengbaarheid en plantveiligheid te bepaal word aanbeveel voor grootskaalse gebruik van só 'n kombinasie.

Moet nie **Infinito 687,5 SC** met fentin asetaat of fentin hidroksied-bevattende middels vermeng nie.

MENGINSTRUKSIES:
Maak die spuittenk halfvol met skoon water en begin roering. Voeg die benodigde hoeveelheid produk direk by die water en vul die tenk tot by die verlangde volume. Dien onmiddellik toe en roer aanhoudend. Moet nie die spuitmengsel vir 'n lang tydperk in die spuittenk laat staan sonder om dit te roer nie, óf oornag laat staan nie.

TOEDIENINGSMETODE:
VERSEKER GOEIE BEDEKKING VAN ALLE BLARE

**Infinito 687,5 SC** kan met algemene spuitapparate toegedien word wat skoon, korrek gekalibreer en in 'n goeie werkende toestand is.

TOEDIENINGSTABEL:

| **GEWAS EN SIEKTE** | **DOSIS** | **OPMERKINGS** |
|---|---|---|
| **AARTAPPELS**<br>Laatroes<br>*(Phytophthora infestans)* | **TREKKERTOEDIENING:**<br>1000 tot 1200 mℓ / ha in 200 - 800 ℓ water / ha<br><br>**LUGTOEDIENING:**<br>1200 mℓ / ha toegedien in 30 - 40 ℓ water / ha | Begin toediening sodra weersomstandighede gunstig is vir infeksie, maar vóór laatroes simptome verskyn. Verseker **goeie bedekking**. Herhaal met 7 tot 10 dae tussenposes afhangende van die siektedruk.<br>Die gebruik van die hoër dosis met 'n 7 dag tussenpose word aanbeveel onder toestande van hoë infeksiedruk.<br>**Vermeerder die hoeveelheid water in ooreenstemming met die blaarmassa vir trekkertoediening.**<br><br>**NOTA: Infinito 687,5 SC** moet toegedien word in 'n tenkmengsel met **Folicur 250 EW** of **Nativo** of **Flint 500 SC** wanneer toestande ook gunstig is vir die ontwikkeling van vroeë roes.<br>Moet nie meer as 6 **Infinito 687,5 SC** toedienings per groeiseisoen toedien nie. |

| **GEWAS EN SIEKTE** | **DOSIS** | **OPMERKINGS** |
|---|---|---|
| **TAMATIES**<br>Laatroes<br>*(Phytophthora infestans)* | **TREKKERTOEDIENING:**<br>200 mℓ / 100 ℓ water | Begin toediening sodra weersomstandighede gunstig is vir infeksie, maar vóór laatroes simptome verskyn. Verseker **goeie bedekking**. Herhaal met 7 tot 10 dae tussenposes afhangende van die siektedruk.<br><br>**Vermeerder die hoeveelheid water in ooreenstemming met die blaarmassa.**<br><br>**NOTA:**<br>**Infinito 687,5 SC** moet toegedien word in 'n tenkmengsel met **Folicur 250 EW** of **Flint 500 SC** wanneer toestande ook gunstig is vir die ontwikkeling van vroeë roes.<br><br>Moet nie meer as 6 **Infinito 687,5 SC** toedienings per groeiseisoen toedien nie |

**Belt**®, **Bulldock**®, **Decis**®, **Flint**®, **Folicur**®, **Movento**® en **Nativo**® is geregistreerde handelsmerke van die Bayer Groep.

© Bayer (Edms) Bpk. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.

RSA/0118/Infinito 5L/
Back Booklet Code: 84978019C

Bayer

# Fungicide

INFINITO®
687,5 SC

**WARNINGS:**
**POTATOES: ALLOW A MINIMUM OF 7 DAYS BETWEEN LAST APPLICATION AND HARVESTING.**
**TOMATOES: ALLOW A MINIMUM OF 7 DAYS BETWEEN LAST APPLICATION AND HARVESTING.**

Store in a cool place, away from food and feed.
Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
May cause an allergic skin reaction.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.
Re-entry – Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
Aerial application - notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

Although **Infinito 687,5 SC** is regarded as crop-safe on most important cultivars, this does not mean that a more sensitive cultivar might not be commercialized in the future. Where a new cultivar is encountered, large areas should not be sprayed without prior testing of **Infinito 687,5 SC** on that cultivar.

**ALTHOUGH THIS REMEDY HAS BEEN EXTENSIVELY TESTED UNDER A LARGE VARIETY OF CONDITIONS THE REGISTRATION HOLDER DOES NOT WARRANT THAT IT WILL BE EFFICACIOUS UNDER ALL CONDITIONS BECAUSE THE ACTION AND EFFECT THEREOF MAY BE AFFECTED BY FACTORS SUCH AS ABNORMAL SOIL, CLIMATIC AND STORAGE CONDITIONS, QUALITY OF DILUTION WATER, COMPATIBILITY WITH OTHER SUBSTANCES NOT INDICATED ON THE LABEL AND THE OCCURRENCE OF RESISTANCE OF THE DISEASE TO THE REMEDY CONCERNED AS WELL AS BY THE METHOD, TIME AND ACCURACY OF APPLICATION. THE REGISTRATION HOLDER FURTHERMORE DOES NOT ACCEPT RESPONSIBILITY FOR DAMAGE TO CROPS, VEGETATION, THE ENVIRONMENT OR HARM TO MAN OR ANIMAL OR FOR LACK OF PERFORMANCE OF THE REMEDY CONCERNED DUE TO FAILURE OF THE USER TO FOLLOW THE LABEL INSTRUCTIONS OR TO THE OCCURRENCE OF CONDITIONS WHICH COULD NOT HAVE BEEN FORESEEN IN TERMS OF THE REGISTRATION. CONSULT THE SUPPLIER IN THE EVENT OF ANY UNCERTAINTY.**

**PRECAUTIONS:**
- Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face protection.
- Wash with soap and water after use or skin contact.
- Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face and changing clothes.
- Prevent contamination of food, eating utensils, feed and drinking water.
- Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or other areas not under treatment.
- When empty, invert the container over the spray tank or mixing tank and allow it to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to at least one tenth of that of the container and add the rinsing to the contents of the spray tank. Destroy the container by puncturing and burying or burning it. Do not use the container for any other purpose.
- Clean applicator thoroughly after use and do not pollute the environment with wash water.

**RESISTANCE WARNING:**
For resistance management the active ingredients of **Infinito 687,5 SC** are classified as Group Code 28 (propamocarb-HCl) and Group Code 43 (fluopicolide) fungicides. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to propamocarb-HCl and other Group Code 28 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **Infinito 687,5 SC** or any other Group Code 28 fungicide. Fluopicolide is active in all key steps in the development of Oomycete organisms with no cross resistance found to other fungicides. Fluopicolide is included in the **Infinito 687,5 SC** formulation in order to combat the development of resistance.

To delay fungicide resistance:
- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide Group Codes. Alternate with fungicides of different fungicide Group Codes, or use tank mixtures of different fungicide Group Codes.
- Integrate other control methods [chemical, cultural, biological] into disease control programmes.

For specific information on resistance management contact your local Bayer representative.

**AERIAL APPLICATION:**
- Notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate adjacent areas or water. Please refer to the SANS Code of Practice for the aerial application of agricultural chemicals.
- Aerial application of **Infinito 687,5 SC** may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:
- **Volume:** A spray mixture volume of 30 - 40 ℓ per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- **Droplet coverage:** 25 to 35 droplets per cm² must be recovered at the target area.
- **Droplet size:** A droplet spectrum with a VMD of 280 to 300 micron is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 micron (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- **Flying height:** Maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking.
- Use suitable **atomising equipment** that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the **wingtip vortices**.
- The difference in **temperature** between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8°C.
- Stop spraying if the **wind speed** exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under **turbulent**, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature **inversion conditions** (spraying in or above the inversion layer) and / or **high humidity conditions** (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
  - damage to other sensitive crops and / or non-target are as through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

**DIRECTIONS FOR USE:** USE ONLY AS DIRECTED

# Fungicide

COMPATIBILITY:

**Infinito 687,5 SC** is compatible with **Belt** (Reg. Nr. L8860), **Bulldock Beta 125 SC** (Reg. No. L7612), **Decis Forte** (Reg. No. L6563), **Folicur 250 EW** (Reg. No. L3857), **Movento** (Reg. No. L8559) and **Nativo** ((Reg. No. L8942) **for use in potatoes**.

**Infinito 687,5 SC** is compatible with **Belt** (Reg. No. L8860), **Bulldock Beta 125 SC** (Reg. No. L7612), **Decis Forte** (Reg. No. L6563), **Folicur 250 EW** (Reg. No. L3857) and **Flint 500 SC** (Reg. No. L7628) **for use in tomatoes**.

**Infinito 687,5 SC** can be mixed with most commonly used insecticides. However, a pre-test on the physical compatibility and a plant safety test is recommended before widespread use of such a combination.

Do not tank mix **Infinito 687,5 SC** with products containing fentin acetate or fentin hydroxide.

MIXING INSTRUCTIONS:

Half the spray tank with clean water and start agitation. Add the required quantity of product directly to the water and complete filling to the required volume. Apply immediately and maintain agitation throughout. Do not allow spray mixture to remain in the tank for long periods without agitation or to stand overnight.

METHOD OF APPLICATION:

ENSURE GOOD COVERAGE OF ALL THE FOLIAGE

**Infinito 687,5 SC** can be applied with all commonly used spray equipment. Use only clean spraying equipment that is properly calibrated and in good condition.

APPLICATION TABLE:

| CROP AND DISEASE | DOSAGE | REMARKS |
|---|---|---|
| **POTATOES**<br>Late blight<br>*(Phytophthora infestans)* | **TRACTOR APPLICATION:**<br>1000 to 1200 mℓ / ha in 200 - 800 ℓ water / ha<br><br>**AERIAL APPLICATION:**<br>1200 mℓ / ha applied in 30 - 40 ℓ water / ha | Start application when weather conditions favour infection, but before late blight symptoms are noticed. Ensure **good coverage**. Repeat at 7 to 10 day intervals depending on disease pressure. The use of the higher rate at a 7 day interval is recommended under conditions of high disease pressure.<br>**For tractor application, increase the volume of water in accordance with the amount of foliage.**<br><br>**NOTE: Infinito 687,5 SC** should be applied in a tank mixture with **Folicur 250 EW** or **Nativo** or **Flint 500 SC** when conditions are also favourable for the development of Early Blight.<br><br>Do not apply more than 6 **Infinito 687,5 SC** applications per growing season. |

INFINITO® 687,5 SC

| CROP AND DISEASE | DOSAGE | REMARKS |
|---|---|---|
| **TOMATOES**<br>Late blight<br>*(Phytophthora infestans)* | **TRACTOR APPLICATION:**<br>200 mℓ / 100 ℓ water | Start application when weather conditions favour infection, but before late blight symptoms are noticed. Ensure **good coverage**. Repeat at 7 to 10 day intervals depending on disease pressure.<br><br>**Increase the volume of water in accordance with the amount of foliage.**<br><br>**NOTE:**<br>**Infinito 687,5 SC** should be applied in a tank mixture with **Folicur 250 EW** or **Flint 500 SC** when conditions are also favourable for the development of Early Blight.<br><br>Do not apply more than 6 **(six) Infinito 687,5 SC** applications per growing season. |

**Belt®, Bulldock®, Decis®, Flint®, Folicur®, Movento® and Nativo®** are registered trademarks of the Bayer Group.

© Bayer (Pty) Ltd. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.